

Geagte Geloofsgenoot

VERRAAD IN DIE ERGSTE GRAAD !!! – ONTBLOOT.

In 'n brief van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika se Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 23 Maart 2016 [Bylae 1], ondersteun dié Kerk by monde van Dr. WC van Wyk, 'n memorandum, opgestel deur Dr. JJ Gerber van die NG Kerk, waarin lidmate van die Afrikaanse Kerke versoek word om die oproep vanuit die gelede van die SA Raad van Kerke (SARK) te gehoorsaam nl: "Om op 16 Junie 2016 in Soweto bymekaar te kom en daar saam met die jeug te kom bid en te deel aan die versoeningsproses in die land." Aansluitend hierby moedig Dr. Isak Burger van die AGS alle pastore en hul gemeentes van dié kerk aan om hieraan deel te neem – sien Dr. Burger se: 1ste pastorale Brief 2016. Hierdie aksie het ontstaan by Dr. Pieter Bezuidenhout, 'n kapelaan van die SANW.

Die tema blyk te wees: Sing 'n Nuwe [Suid-Afrika] Lied [Ps.98], nl. om 16 Junie en 16 Desember 'n nuwe betekenis te gee deur multikulturele- en veelrassige gemeenskappe te bevorder rondom hierdie dae. Hierdie is 'n lasterlike aanslag op die heiligheid van die Geloofte van Bloedrivier, waarin daar beloof is dat die laaste nageslag die gebeure van 16 Desember 1838 tot eer van God moet herdenk: *"om dezelve bekend te maken, selfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Ere van God gevierd mag worden."* [Aanhaling uit die Strafkommando joernaal van JG Bantjes soos gepubliseer in *De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1839*].

Om nou versoening deel van die Geloofte te maak, is soos om aan die inhoud van die Bybel te torring. Jy mag daar niks van wegneem of byvoeg nie – Deut.4:2 en 12:32. [Deut.23:23 *"Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou God vrywillig belooft—wat jy met jou mond gespreek het"*, - niks meer en niks minder nie.]

'n Berig in die Vryburger [20 April 2016]stel dit as volg:

"Die byeenkoms moet van 16 Junie 2016 deurloop tot 16 Desember 2016 waar dit dan (ook by Bloedrivier) "n daadwerklike viering sal wees van die diversiteit waarbinne ons in hierdie land versoen is".

Die oproep gaan voort dat almal uit die verskillende tradisies by verskillende monumente byeen moet kom en so versoening bewerk.

Interessant is die aanhaling van paragraaf 4.2 "Kuiersaam, eet saam, **bly saam**, gaan saam weg, speel saam, werk saam." "*[eie beklemtoning]*"

God het die diversiteit geskape en dit was goed in Sy oë, maar dié Kerke vra u om saam te woon ["bly saam"], waardeur 'n baster geslag ontstaan wat God Almagtig nie geskape het nie, en wat nooit in Sy vergadering mag kom nie – Deut.23:2. Deur die nakoming van die Geloofte te verander met 'n oproep tot rasse- en kulturele integrasie, stel hierdie oproep van hierdie Kerke die Gelooftevolk bloot aan die strafmaatreëls vir versuim om die Geloofte na te kom, waardeur bepaalde strafgerig intree in terme van Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5 en die werke van ons hande verwoes word. Mag ons hemelse Vader ons as Gelooftevolk van hierdie interkerklik gedrewe versoeking bewaar.

Verder is dié aanmoediging van vermenging vanuit Liberale kringe ["bly saam"] en die plasing daarvan binne die konteks van die Geloofte, 'n growwe miskennening van die ingrype van God Almagtig in die lewens en Bybelse beginsels van die byna uitgemoorde Voortrekker gesinne van Natal. Die moorde op niksvermoedende gesinne op veral plase is weer aan die orde van die dag soos voor- en tydens die Groot Trek. Nou word van die blankes verwag om in die Orlando stadion in Soweto [Dingaans se kraal] te gaan versoening soek en word daar gesê dat as die blankes nie gaan opdaag nie, die dag sinneloos sal wees – par.1.12. Dit is in dieselfde Soweto waar die 1976 opstande begin het teen Afrikaans as 'n onderrig taal. Hierdie opstande het toegeneem tot wydverspreide onluste, ten einde die "vernederende" Apartheids bestel af te breek. Dit het 'n geslag van ongeletterde wraakgierige swartes opgelewer, wat nou oor ons regeer en wat eintlik die politieke kind is van faksies binne die kerke wat vanaf Cottesloe tot Rustenburg 'n aanslag op die destydse RSA gemaak het [later meer hieroor].

Die dryfveer agter hierdie kerklike beweging is die dreigende ineenstorting van die huidige bestel, wat gekenmerk word aan moord, verkragting, korrupsie, gewapende roof, xenofobie en dergelike misdad. Suid-Afrika is volgens 'n meningsopname deur Numbeo, naas Venezuela en Suid Sudan, die gevaarlikste land ter wêreld. Vyf van ons stede is onder die 10 gevaarlikstes ter wêreld, nl. Pietermaritzburg [2de], Johannesburg [4de], Pretoria [5de], Durban [6de] en Kaapstad [9de].

Die organiseerders [SARK] is bekommerd oor die huidige plofbare toestand, wat beteken dat die doelwit van 'n geïntegreerde Suid-Afrika nie geslaag het nie en dat dit kan lei tot algehele ineenstorting van die bestel waaraan sekere kerke so hard gewerk het, en eintlik geïnisieer het.

Dit was die Wêreldraad van Kerke wat gedurende 1954 in Evanston [Illinois, VSA] besluit het dat afsonderlike ontwikkeling [apartheid] onbybels is. Dit is deurgedra na die Cottesloe kerkberaad van 7-14 Des. 1960 waartydens die meerderheid afgevaardigdes van die lidkerke [voetnota¹] van die WRK die volgende besluite geneem het:

1. Niemand wat in Christus glo, uitgesluit mag word uit enige kerk op grond van sy kleur of ras nie;
2. Daar geen Skriftuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike is nie;
3. Daar in beginsel nie beswaar kan wees teen regstreekse verteenwoordiging van bruinmense in die Parlement nie;
4. 'n Beleid wat nie-blankes permanent die reg ontsê tot medeseggenskap in die regering van die land waarvan hulle burgers is, nie geregverdig kan word nie.

Nadat Dr. HF Verwoerd die besluite van die kerkberaad gekonfronteer het, het die Liberaliste [faksies binne die Afrikaanse kerke] oënskynlik hul rûe op daardie besluite gedraai, maar in werklikheid ondergronds gegaan en in die persoon van Dr. Beyers Naude en metgeselle en m.b.v. Kommuniste, dit in 'n politieke agenda verander. Na die sluipmoord op van Dr. Verwoerd het politici, die liberale faksies van dié kerke se verraad geïmplimenteer.

Die Cottesloe beraad se kersie op die koek was die Rustenburg beraad van 1990, waar prof. Willie Jonker van die NG Kerk as volg bely het: *"Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie."*

Dr. Gerber sê voorts in sy memorandum ter vereenselwiging van Sowetodag met Geloftedag: *"In 1994 het leiers hierdie nasie gehelp om die brug oor te steek van 'n land van wanhoop en ondergang na 'n land met 'n reënboog en 'n toekoms."*

Dit blyk nou dat die land van die reënboog toe nooit die utopia opgelewer het wat Dr. Gerber se leiers destyds geprofeteer het nie, maar eerder besig is om die land van wanhoop en ondergang te word wat aan die destydse RSA toegesnou is. Hierdie kerklike aksie is gebore uit vrees dat hierdie bestel geen toekoms het nie. Dit sal die argitekte hiervan tot beskaming wees, maar hul sal eerder sien dat die Blanke Christelike Protestantse beskawing ten gronde gaan as om te erken dat hulle verkeed was en tot bekering kom.

Vergelyk die huidige kerk gedrewe Liberale inisiatief met die gevleulde woorde van Dr. DF Malan [‘n Teoloog en Politikus] tydens die NP kongres van 1948: *"Ons volk moet kies. As die liberalisme reg is, volg hom na. Gooi dan die deure van u land ope vir wie wil binnekom, blank en gekleurd, en maak van u land 'n markplein vir die wêreld in plaas van 'n tehuis vir u kinders. Doen weg met alle rasse- en kleurskeidslyne - in die kerk, in die skole, in die Parlement, by die stembus, op die treine en trams en in u huise en aan u tafels. ``Roep Suid-Afrika dan op om hom af te keer van sy dwaalweg en om in naam van reg en geregtigheid terug te gaan op sy eie besoedelde voetspore, maar as die liberalisme verkeerd is, verwerp hom met beslistheid en verwerp hom nou."*

¹ Die agt lede was die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapland), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Metodistekerk, die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika, die Bantoe Presbiteriaanse Kerk, die Anglikaanse Kerk (Church of the Province of South Africa) en die Kongregasionalistiese Kerk (Independente Kerk).

Beskerm dan met vaste hand u blanke ras en u blanke beskawing met al die nodige maatreëls wat u blanke oogdyskap van u eis en u doelbewuste bestemming u toe verplig."

Dit Liberalisme waarteen Dr. Malan gewaarsku het, is dit wat die liberale faksies van die deelnemende kerke sedert 1960 op onderduimse wyse en met verloop van 34 jaar, geïmpimenteer het en nou probeer red.

Dan het Dr. Gerber nog die vermetelheid om te wil voorgee dat ons betrokke moet raak waar God reeds besig is, synde die vervulling van die reënboog droom. Hy redeneer as volg: *"Die God van die Bybel is die God wat nuwe geleenthede skep. So leer ons Hom ken. Geloofsonderskeidend moet ons soek na die deure wat Hy oopmaak ... om besig te raak waar Hy reeds aan die werk is. Dit geld nie net vir die werk van ons kerke in hulle eie bedieninge en kringe nie, maar ook ten opsigte van God se besigwees met ons land en nasie. Ons glo immers dat Hy hiér verheerlik wil word!"*

As Dr. Gerber dink dat God Hom besig hou met die instandhouding van die huidige bestel en boonop verheerlik wil word met die implimentering van hierdie memorandum, laster hy teen die God van hemel en aarde.

1. As Dr. Gerber nie laster nie, dan het Dr. Malan en die opregte predikante van sy tyd gelaster. Dit is dieselfde Kerke, "onder leiding van die Heilige Gees", wat eens vir u gesê het dat Apartheid Bybels geregverdig is, en na die invloed van die Wêreldraad van Kerke, omgespring het en "onder leiding van die Heilige Gees", Apartheid Bybels veroordeel het as 'n sonde. Maak sulke teoloë nie 'n bespotting van die Heilige Gees nie? Is die volgende Skrif dan nie op hulle van toepassing nie? - *2Pet.2:21 Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. :22 Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.* [Vóór Cottesloe was afsonderlikke ontwikkeling (apartheid) Bybels geregverdig deur die Afrikaanse Kerke wat tydens Cottesloe as onbybels beskou is. Dié Kerke het kort daarna Cottesloe se besluite die rug gekeer, net om met verloop van tyd apartheid weer te verdoem – beginnende by Rustenburg.]
2. Dr. Gerber erken dat die huidige toedrag van sake nie na wense is nie: *"Die pynlike werklikheid is dat ons as die mense van die land so bly was om aan die ander kant uit te kom dat ons baie min gedoen het om die reënboog en toekoms in 'n werklikheid vir alle mense te omskep. Ons moet gesamentlik die verantwoordelijkheid aanvaar, sonder om die vingerwys-speletjie te speel, **vir waar ons nou is.**"* [Paragraaf 2 van die memorandum – sien Bylae 1.]
Die erkenning dat *"vir waar ons nou is"*, nie wenslik is nie, is waar. Dit is egter eerder 'n geval van straf vir die ontheiliging van ons hemelse Vader se heiligheid, daarin dat ons geen ander gode voor Sy Aangesig mag bring nie. Die huidige bestel roem op die Grondwet as hoogste gesag en het daarmee God Almagtig ondergeskik gemaak aan die Grondwet, waaronder alle godsdienste gelykwaardig is.

Dr. JJ Gerber, Dr. WC van Wyk, Dr. Isak Burger, Dr. Pieter Bezuidenhout en al die ander Teoloë van die onderskeie kerke en instansies wat hierdie SARK inisiatief ondersteun en onderskryf, dink u nie dat u op 'n dwaalweg verkeer en u volgelinge op 'n dwaalweg lei nie?

Dink mooi hieroor na, dink aan Piet Retief en sy 70 ondersteuners in Dingaan se kraal, aan die meer as 500 vermoorde babas, kinders, vroue en mans by Moordspruit, Bloukrans en Weenen; aan die derduisende mense wat sedert 1994 op barbaarse wyse vermoor, aangerand, beroof en verkrag is, alvorens u u verder op sleeptou laat neem en u en u gemeentes in die verderf stort.

As u betrokke wil raak by 16 Desember as Geloftedag [wat in elk geval u plig is], bestudeer dan die oorspronklike Gelofte [voetnota ²] en voer dit uit wat daarin staan en soek die vriendskap van God op en nie van die wêreld nie.

² **Outentieke Gelofte van Bloedrivier:** *"Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven, dat, zoo de HEERE ons de overwinning geven mogt, een Huis tot Zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen – en dat zy ook moesten afsmeaken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in*

Vrede

Onderteken deur:

Flip Swanepoel namens die Nasionale Komitee vir die Nakoming van ons Volksgeloftes [Cas Cloete, Alwyn de Klerk, Jaco Diedericks, Dup du Plessis, Bennie Kruger, Paul Kruger, Steyn van Ronge]

H.L. (DuP) Du Plessis namens die HS van Blerk Stigting.

Dr. Ronnie van der Merwe namens die Geloftevolk Koördineringskomitee. [Kobus Botes, Tienie Dumas, Johan Erasmus, Phillip Groenenstein, Flip Swanepoel, Conrad van Niekerk, Jurgens van Zyl.]

Steyn van Ronge namens die AWB en Brandwag van die Christen Boervolk

Individue: Sakkie van der Merwe, Chris en Ella du Plessis, Riaan du Toit, ... [Voeg u naam by en stuur verder aan]

Bylae 1

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering [van die NHKA] het by sy vergadering gehou op 3 Maart 2016 kennis geneem van die volgende memorandum, opgestel deur dr JJ Gerber van die NG Kerk, wat graag aan u versend word vir kennisname:

Die God van die Bybel is die God wat nuwe geleenthede skep. So leer ons Hom ken. Geloofsonderskeidend moet ons soek na die deure wat Hy oopmaak ... om besig te raak waar Hy reeds aan die werk is. Dit geld nie net vir die werk van ons kerke in hulle eie bedieninge en kringe nie, maar ook ten opsigte van God se besigwees met ons land en nasie. Ons glo immers dat Hy hiér verheerlik wil word!

In 1994 het leiers hierdie nasie gehelp om die brug oor te steek van 'n land van wanhoop en ondergang na 'n land met 'n reënboog en 'n toekoms. Die pynlike werklikheid is dat ons as die mense van die land so bly was om aan die ander kant uit te kom dat ons baie min gedoen het om die reënboog en toekoms in 'n werklikheid vir alle mense te omskep. Ons moet gesamentlik die verantwoordelikheid aanvaar, sonder om die vingerwys-speletjie te speel, vir waar ons nou is. Ons sien dit elke dag: Mense wat met 'n diepgewortelde pyn en wantroue loop oor ervarings van die verlede, mense uit alle segmente van die samelewing wat kwaad is en onverantwoordelik met hulle woede omgaan, mense wat werkloos en arm en honger en gebroke is, mense wat dink geweld is die manier om 'n stem te laat hoor ... en voeg hierby ons epidemiese samelewingsiektes soos rassisme, gewelddadige misdaad, plaasmoorde, korrupsie, verkragting en mishandeling van vroue en kinders, xenofobie ...

*Die kerk van die Here Jesus het 'n baie besondere rol gespeel om hierdie nasie vreedsaam oor die brug na 'n nuwe wêreld te lei. Dit is immers die kerk se taak om 'n instrument van versoening en heling te wees – in besonder in hierdie land waar ons as Christene glo dat God 'n baie spesifieke doel vir hierdie land en haar diversiteit van mense het. **Ons glo ons is nou weer by so 'n punt, by 'n geleentheid wat God skep en 'n deur wat Hy oopmaak.***

'n Besondere stukkie gebeure as agtergrond: Dr Pieter Bezuidenhout, 'n kapelaan in die SANW in Bloemfontein, begin in sy bediening agterkom hoe diep en seer en stukkend die gebeure van die

een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Ere van God gevierd mag worden."

"grensoorlog" en diensplig in die lewens van oudsoldate en soldate lê. Hy begin met 'n doktrale studie hieroor waarin hy talle persoonlike onderhoude voer – en hoe dit hom getraumatiseer het om na die verhare van die soldate/dienspligtiges te luister. In die proses van sy studie het hy ook 'n onderhoud gevoer met dr Frank Chikane, predikant van die AGS, gemeenskapsleier en vise-president van die SARK. In hierdie gesprek het die gedagte ontstaan om mense van die "16 Junie-generasie" en die "diensplig-generasie" bymekaar te kry en 'n moontlike proses van versoening en heling te begin. Hierdie interaksie is aan die gang gesit deur die "June 16 Foundation", 'n veelparty-organisasie bestaande uit leiers van die jeugopstande in 1976, en die "SA Weermagvereniging", 'n organisasie van weermagveterane wat die sogenaamde "Conscript Generation" verteenwoordig. Vinnig het die gedagte na vore gekom: Is 16 Junie 2016, die 40ste herdenking van 16 Junie 1976, nie die geleentheid, die oop deur wat die Here vir ons gee om iets nuut vir hierdie nasie oop te sluit nie? In vergaderings die afgelope maande tussen die twee groepe het 'n stroom van planne begin vloei om vir veral die jeug iets besonder te doen.

Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat bogenoemde gesprekke gefasiliteer is deur die kerk van die Here Jesus Christus! Onder voorsitterskap van en met die besondere leiding deur dr Frank Chikane kon baie besondere interaksies plaasvind. Hy is bygestaan deur Rev Moss Ntlha van TEASA en dr Kobus Gerber van die NG Kerk – al drie ook lede van die SARK se Uitvoerende Komitee. Baie gou het daar konsensus ontstaan dat hierdie saak meer is as net nog iets – dit moet gebed wees in 'n diep geestelike proses. Saam met kapelane wat betrokke is, het ds Marius Cornelissen (vorige kapelaan-generaal) kom help asook me Anneke Rabe van Victorious Women in Christ met haar versoeningsnetwerk, me Suzette Pelsler van Mighty Women en me Elizabeth Jordaan van Jericho Mure. Prof Piet Meiring, voormalige kommissaris van die WVK, het ook kom handgee.

'n Ander belangrike konsensus het ontstaan: **Die kerke van die land** moet eienaarskap vir hierdie proses aanvaar: Dit is nie die taak van die politici nie. 'n Besondere klem in hierdie verband het toenemend al hoe sterker begin groei: Die Afrikaanse kerke (bedoelende die kerke met 'n substansiële Afrikaanse lidmaattal uit wie se geledere die grootste deel van dienspligtiges gekom het en wat die vorige bedeling op die een of ander wyse gelegitimeer het) moet 'n besondere leiersrol vervul in hierdie beplanning – in besonder mdo op dit wat vir 16 Junie 2016 voorsien word. Die positiewe gesindheid en rol van dr Isak Burger van die AGS, di Etienne Fourie en Piet Steenkamp van die NHKA, en ds Dirkie van der Spuy en Gustav Claassen van die NG Kerk het meegehelp om met iets na hierdie kerke te kom wat ons glo ons nasie gaan help met die oproep:

"SING 'N NUWE (SUID-AFRIKA) LIED!" (Ps 98)

Die Nasionale Uitvoerende komitee van die SARK het 'n volledige verslag ontvang oor al hierdie verbandhoudende prosesse en hulle seën daarvoor uitgespreek. Hulle sal met alle kerkleiers en denominasies in hulle kontekstuele verbande kommunikeer.

Teen bovermelde agtergrond gee ons hierdie memorandum aan die (naam van denominasie) deur as kerk van wie 'n groot deel van die lidmate uit die wit Afrikaanse gemeenskap kom. Terwyl alle kerke by hierdie saak betrek word, speel hiérdie denominasies 'n besondere rol.

Die volgende is in beplanning as deel van 'n proses vanaf 16 Junie 2016 tot 16 Desember 2016:

1. 16 JUNIE 2016

Inleidend

- 1.1 Dit is alle rolspelers se oortuiging dat 16 Junie 2016 'n geskenk en geleentheid is vir 'n nuwe reis in ons land en dat die kerke in die land te inisiatief en leiding moet neem.
- 1.2 16 Junie het enorme simboliese waarde, en die simboliese waarde moet gebruik word vir 'n helende en nie 'n verdelende dag nie.
- 1.3 Daar is ook 'n diep begrip dat daar baie emosies en sentimente ten opsigte van 16 Junie is. Die droom van die kerke en die ander rolspelers moet dit deeglik in ag neem en verreken – en so ook in besonder die Soweto-gemeenskap.
- 1.4 Die dag is die begin van en deel van 'n proses. Wanneer gewerk word met die waardes van belydenis, vergifnis, versoening en heling beteken dit nie 'n meganiese proses wat alles afhandel en in kassies wegpak nie. Die hantering van die geskiedenis en pyn van mense is baie kompleks. Ons moet sag en geduldig met mekaar wees gegewe waar elkeen op sy/haar reis is.

- 1.5 16 Junie se fokus moet uiteraard op die jeug wees. Wat ook al op die dag gebeur, moet om hulle toekoms gaan.

Die dag van 16 Junie 2016

- 1.6 'n Sentrale stadion-geleentheid word in Soweto beoog vir die oggend van die 16de. Van die rolspelers beplan 'n reeks aktiwiteite vir die jeug wat voortvloei uit die stadion-geleentheid: Meer inligting hieroor sal mettertyd gekommunikeer word.
- 1.7 Die Gauteng Raad van Kerke neem verantwoordelikheid vir die logistiek (bespreking, ensovoorts) ten opsigte van die stadion-geleentheid. Die Orlando-stadion word geoor-merk.
- 1.8 Die stadion-geleentheid word voorafgegaan deur 'n seremonie by die Hector Petersen Monument wat deur kerkleiers hanteer sal word (en indien moontlik na die stadion gebeeldsind sal word). Die liturgie word gedra deur verootmoediging en nuwe toewyding voor God. Dit bevat elemente van erkenning van waar ons is (pyn, wantroue, gebrokenheid, ens), verbintenis aan mekaar vir 'n nuwe toekoms en 'n toewyding om die nuwe toekoms coram Deo te leef. Die "Afrikaanse" kerke se leiers moet hier 'n besondere simboliese rol speel.
- 1.9 In die beplanning sal deeglik met die verskillende kollegakringe ("fraternals") in Soweto gekonsulteer word. Die geestelike leiers is die meeste op die hoogte van die mense van Soweto se gevoelens oor sake soos die. Daar sal met geen beplanning somer ingestorm word nie.
- 1.10 Deel van bogenoemde gesprek sal gaan oor die moontlike oprig van 'n ander simboliese struktuur om 'n nuwe toekoms te simboliseer: 'n Nuwe verbintenis aan mekaar, ons land en God.
- 1.11 Vir die stadion-geleentheid is die volgende belangrike merkers: Dit moet ervaringsgerig wees en mense voor God in kontak met mekaar bring: Saam bid en deel; dit is interaktief en nie bloot 'n toeskouergeleentheid nie; die jeug sal die meeste van die praatwerk doen; die ideaal is dat almal met iets simbolies in hulle hand huis toe gaan; 'n mooi gedrukte program is noodsaaklik; die baie positiewe verhale van ons land moet deeglik funksioneer.

Sonder (Afrikaanse) witmense is die dag sinloos

- 1.12 Dit spreek vanself dat 'n aksie soos die tot niks kom indien daar nie 'n substansiële verteenwoordiging van witmense is nie!
- 1.13 Die ervaring die afgelope 21 jaar het geleer dat (Afrikaanse) witmense nie somer feesdae bywoon nie: Daar met doelgerig daarvoor beplan en gemotiveer en logistiek (in besonder vervoer) voor verskaf word. Die boodskap met die verteenwoordiging die dag is in die hand van die denominasies en hulle gemeentes. Die pleitroep is dat kerke ALLES sal doen om daar te wees.
- 1.14 Die oortuiging leef baie sterk by die rolspelers wat met hierdie beplanning gemoed is dat indien die rugbywedstryd van die Bulls in Soweto so 'n groot getuienis kon lewer, hoeveel te meer nie die saamtrek van wit en swart voor die aangesig van die Here nie!

Net in Soweto?

- 1.15 Logistiek is dit vir die kerke net moontlik om een so 'n groot geleentheid op die dag te reël met die duidelike bedoeling dat die vrug daarvan in die maande wat kom met saamtrekke in ander sentra gedeel sal word. Dit staan kerke natuurlik vry om in ander streke saam met mekaar iets besonder in die gees van bogenoemde te reël.

Die tema

- 1.16 Soos reeds deur hierdie dokument blyk, het ons gekies vir "**SING 'N NUWE (SUID-AFRIKA) LIED!**" na aanleiding van Psalm 98.
- 1.17 Kerke en hulle gemeentes word versoek om oor en vir ons land musiek te maak en te sing gegewe die geweldige getuieniskrag van musiek en sang.
- 1.18 In alle gemeenskappe in ons land is daar ryke koortradisies. Hierdie tradisie kan 'n wonderlike voertuig wees om in aanloop tot 16 Junie en vandaar tot 16 Desember met mekaar oor alles

grense en hindernisse heen in kontak te kom, mekaar te bedien, die waardes van hierdie proses (kyk pt 1.4) te bevorder en die boodskap tot in elke uithoek van ons land te dra.

2. 40 DAE PELGRIMSREIS VAN GEBED

- 2.1 *Almal betrokke in die beplanning en organisering is oortuig dat die Christene van die nasie betrokke moet raak in 'n pelgrimsreis van gebed.*
- 2.2 *Denominasies sal versoek word om 'n Veertig dae van gebed te reël. Dit sal gekoördineer word deur die Jericho Mure Gebedsnetwerk. Hulle het ook goedgun-stiglik aangebied om die nodige materiaal te verskaf.*
- 2.3 *Die 40 dae strek vanaf **7 Mei 2016 tot 15 Junie 2016.***
- 2.4 *Ons gaan nie en kan nie hierdie reis aanpak as ons nie op ons knieë is nie!*

3. 16 JUNIE TOT 16 DESEMBER

- 3.1 *Die dag van 16 Junie moet die sneller wees van 'n veel groter proses van versoening en heling vir hierdie nasie. Die oortuiging het baie gou by die 16 Junie-generasie, die diensplig-generasie en die kerke posgevat dat 16 Junie ons moet help na 16 Desember en met alles en alle emosies wat daarmee saamgaan.*
- 3.2 *Die reis tussen 16 Junie en 16 Desember is nog nie in detail uitgepak nie. Die volgende word oorweeg:*
 - 3.2.1 *16 Desember moet 'n daadwerklike viering wees van die diversiteit waarbinne ons in hierdie land versoen is. Die uitdaging is om by mekaar se vieringe uit te kom in ons verskillende tradisies en by verskillende monumente.*
 - 3.2.2 *Die SARK sal via haar lidkerke en verskillende strukture die reis tussen 16 Junie en 16 Desember begelei. Almal sal help om iets van die 16 Junie-geleentheid tot en met 16 Desember gestalte te gee.*
 - 3.2.3 *'n "Spyskaart" van moontlike aksies/geleenthede ten opsigte van versoening en heling sal beskikbaar gestel word om as gids te dien vir gemeenskappe se eie aktiwiteite.*
 - 3.2.4 *Die vraag word gevra of Robbeneiland en Bloedrivier nie ook nuwe simboliese plekke met word soos beoog word met die geleentheid by die Hector Petersen Monument nie. Moet kerkleiers nie ook op 16 Desember na die plekke reis en verantwoordelikheid neem vir die leiding aldaar van liturgieë van versoening nie?*

4. 'N MOONTLIKE VERSOENINGSPROSES WAT HIERDIE REIS TUSSEN 16 JUNIE EN 16 DESEMBER KAN VERGESEL

In die volgende weke sal baie hulpmiddels en wenke aan kerke deurgegee word vir oorweging op hulle reis. Die volgende is 'n beproefde weg en word graag deurgegee vir ernstige oorweging:

- 4.1 *Vind mekaar en kom naby mekaar deur met 'n oop en leerbare gees na mekaar te luister. Skep en struktureer geleenthede in gemeenskappe waar mense in veilige ruimtes bloot hulle verhale en emosies kan deel sonder bevraagtekening deur die ander.*
- 4.2 *Bou vertrouwe in mekaar deur met mekaar te deel: Kuier saam, eet saam, bly saam, gaan saam weg, speel saam, werk saam.*
- 4.3 *Reis saam met mekaar deur saam met mekaar iets vir ander te doen. Wonderwerke gebeur wanneer gemeenskappe saam met mekaar uitreik na ander gemeenskappe in nood.*

Hierdie proses kan deurentyd saam met enige ander prosesse waaraan aandag gegee word, gevolg word.

5. WAT NOU GEDOEN MOET WORD

- 5.1 *Die denominasie aan wie die memorandum gerig is, het reeds deur hulle verteenwoordiger(s) op die beplanningsgroepe hulleself tot die saak en proses verbind.*
- 5.2 *Kerke word nou gevra om hierdie saak in hulle leierskapstrukture deur te praat en 'n wye inkoop hiertoe te kry.*
- 5.3 *Kerke gee toestemming dat hierdie saak in hulle amptelike kommunikasiestukke/ koerante/ nuusbriewe gekommunikeer word.*
- 5.4 *Kerke beplan dat die 40 Dae pelgrimsreis van gebed deel van hulle programme word.*

Die Kommissie van die AKV het hieroor soos volg besluit:

- 1. Versoeke 1 tot 4 word goedgekeur. Deelname aan die 40 dae van gebed is vrywillig. Gemeentes word versoek om te bid vir versoening.
- 2. Gemeentes word versoek om, waar moontlik, geleenthede te skep vir lidmate wat self die trauma van konflik in die vorige bedeling ervaar het, om gesprek te voer (ook met mense uit ander gemeenskappe) om hierdie trauma te help verwerk en versoening te bewerkstellig.

Beste wense,



Dr WC van Wyk
Namens Skriba: Ds L Geel